
Die relatiewe welvaart van die vroeë Kaapse setlaars

JOHAN FOURIE

Stellenbosch Economic Working Papers: 24/11
DESEMBER 2011

SLEUTELWOORDE: KAAPKOLONIE, INVENTARISSE, WELFAART, GROEI,
ARMOEDE, RYKDOM, STELLENBOSCH, BOERE, ONGELYKHEID
JEL: N37, N17, N01

JOHAN FOURIE
DEPARTMENT OF ECONOMICS
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
PRIVATE BAG X1, 7602
MATIELAND, SOUTH AFRICA
E-MAIL: JOHANF@SUN.AC.ZA



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY



A WORKING PAPER OF THE DEPARTMENT OF ECONOMICS AND THE
BUREAU FOR ECONOMIC RESEARCH AT THE UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

Die relatiewe welvaart van die vroeë Kaapse setlaars

Johan Fourie, Departement Ekonomie, Universiteit Stellenbosch

OPSOMMING:

*Die tradisionele beskouing van die agtiende eeuse Kaap as 'n armoedige bestaans-
ekonomie moet heroorweeg word. Deur van 2577 onlangs gedigitaliseerde boede-
linventarisse gebruik te maak, toon hierdie artikel dat die gemiddelde Kaapse setlaars-
huishouding relatief wel-af was aan die begin van die agtiende eeu en dat hierdie vlakke
oor tyd toegeneem het, al het dit ook gepaard gegaan met 'n toename in ongelykheid
binne die setlaarsbevolking. Kaapse setlaarshuishoudings kon selfs kers vashou met
huishoudings in streke wat gedurende die agtiende as die mees welvarende beskou is –
Nederland en Engeland.*

Die Europese immigrante en hul afstammelinge wat gedurende die sewentiende en agtiende eeu die Kaapkolonie bewoon het, word tradisioneel beskou as arm en agterlik, “meer 'n statiese as 'n vooruitstrewende gemeenskap” (De Kock 1924: 24–40; De Kiewet 1941; Feinstein 2005). Terwyl daar 'n paar welgestelde setlaars naby Kaapstad geboer het (Guelke en Shell 1983), het meeste van die setlaars – veral dié woonagtig in die grensgebiede van die Kolonie – “gewoon in geïsoleerde plaashuise, wat 'n karige bestaan gevoer het as bestaansboere en jagters” (De Kock 1924: 40). Leonard Guelke som die algemene persepsie van die Kaapse ekonomiese lewe goed op: “Aan die bopunt was 'n groep welgestelde boere met groot plase en baie slawe”, maar “die gemiddelde hardwerkende boer kon slegs met moeite 'n lewe as bestaansboer voer” (Guelke 1989: 84).ⁱ

Hierdie persepsie word bevraagteken deur meer onlangse kwantitatiewe navorsing. Van Duin en Ross (1987) was die eerste om die Kaapse ekonomie as “meer dinamies” te beskryf. Hulle navorsing is gebaseer op die opgaafrolle, jaarlikse sensusopnames wat die Kompanjie vir belastingdoeleindes onderneem het. Du Plessis en Du Plessis (2011) sowel as De Zwart (2011) gebruik loondata om te wys dat die lewensstandaard van die Kaapse (Europese) inwoners relatief hoog was in vergelyking met loondata in ander wêreldstreke. Vanweë 'n verskeidenheid van redes het hierdie literatuur min impak gehad op die Kaapse historiografie; in haar kritiek van Nigel Worden se onlangse *Contingent Lives: Social Identity and Material Culture in the VOC world*, skryf Ulrich, byvoorbeeld, dat die fokus te veel val op die “uitsonderings van die koloniale konteks” in plaas van om “die gebruik van alledaagse produkte” te ondersoek wat 'n “meer gebalanseerde idee” van die lewensstandaard van die gemiddelde Kaapse boer sal gee (Ulrich 2010).

Hierdie artikel begin om aan Ulrich se versoek te voldoen. Die Kaapse inventarisse (MOOC 8-reeks) is onlangs deur 'n span navorsers gedigitaliseer en aan die navorsingsgemeenskap beskikbaar gestel. Deur statistiese metodes in te span word hierdie bron ontleed om drie vrae te beantwoord: “Het die welvaart van die Kaapse setlaars toegeneem oor tyd?”, “Hoe groot was die ongelykheid binne die setlaarbevolking aan die Kaap?” en, derdens, “Hoe welgesteld was die Kaapse setlaars relatief tot ander bevolkings in Europa en die setlaarsgemeenskap in Noord-Amerika?”. Wat duidelik blyk uit die resultate is dat die tradisionele persepsie van die Kaapse setlaars wat in armoede gedompel is, hersien moet word.

1. DIE KAAPSE EKONOMIE

Die koms van Van Riebeeck in 1652 was die begin van Europese vestiging aan die Kaap. Die VOC (Vereenigde Oostindische Compagnie) het Van Riebeeck beveel om 'n halfwegstasie aan die Kaap de Goede Hoop op te rig met die doel om verbygaande skepe

te diens en van vars voorraad, insluitend vrugte, groente, vleis, water en brandhout, te voorsien. Só 'n stasie sou die hoë koste van skeepsvaart – veral die hoë lewensverlies van matrose en gepaardgaande lae produktiwiteit van siekes wat aan dodelike skeurbuikly – moes inperk. Van Riebeeck het 'n gemeenskap van landbouers rondom die fort voorgestel wat verantwoordelik sou wees vir gewasboerdery terwyl Europese vervaardigde produkte en alkohol verhandel sou word met die inheemse Khoi-stamme. Hierdie Europese bloudruk van boerdery was egter nie op die sanderige en winderige Kaapse vlakke moontlik nie, en die meeste setlaars wat na 1657 as vryboere gevestig is het gemengde boerdery op uitgebreide plase bedryf, met wisselende sukses. Die vraag vanaf skepe vir vars landbou-produkte het dus gereeld die aanbod oorskry.



Figure 1: Kaart van die Kaapkolonie (1682, 1705, 1731, en 1795) met hedendaagse provinsiale grense

Bron: Guelke 1989, eie projeksies.

In 'n poging om aanbod te verhoog het Simon van der Stel die grense van die kolonie uitgebrei, met Stellenbosch en Drakenstein wat teen die einde van die sewentiende eeu gevestig en bewoon is. Die aankoms van 159 Franse Hugenote het hierdie proses bespoedig. Die grense van die kolonie het herhaaldelik hierna uitgebrei soos setlaars – meestal weens die hoë fertiliteitskoers en nie weens nuwe aankomelinge nie – Noord- en Ooswaarts migreer het. Die setlaars op die grens was tipies trekboere sonder eiendomsreg wat agter goeie weiding aangetrek het. Hierdie uitbreiding van die koloniale grense sou voortduur tot aan die einde van die agtiende eeu, toe die setlaars in aanraking gekom het met die Xhosa aan die Visrivier. Figuur 1 stel hierdie migrasie van die koloniale grense grafies voor.

Hoewel die bevolking aanvanklik gekonsentreer was in en om Kaapstad, het die landelike proporsie toegeneem namate die grensgebied uitgebrei het. Teen 1795, toe Brittanje die 143 jaar van VOC beheer beëindig het, was die meeste setlaars boere wat in die binneland (die gebied Oos van die eerste bergreeks) woonagtig was. Dit is dus geen verrassing dat historici die Kaapse ekonomie as 'n arm, bestaansekonomie tipeer nie. Reisjoernale beskryf die ellendige omstandighede van sommige grensboere. Carl Peter Thunberg, die Sweedse botanis wat die Kaap gedurende die 1770s besoek het, verwys verskeie kere na die gebruik van diervelle wat dien as toue, sakke en komberse, en selfs as klere vir die erg armes (Thunberg 1986). In die sewentiende eeu is kollekte

opgeneem vir arm huisgesinne waarvan die kinders moes slaap in die perdestalle se warm hooi om van die koue te ontsnap (Coetzee 1942).

Sulke verwysings staan in skrilte kontras met die welvarende leefstyl van die elite, soos opgesom deur Guelke en Shell. Die prag- en praalwette van 1755, byvoorbeeld, het die getal perde, waens, juwele en slawe beperk wat 'n individu van 'n sekere rang ten toon kon stel. Hierdie wette is ingestel weens die "skandalige uitspattigheid van die Kompanjie dienaars en setlaars" (Ross 1999). Reisverslae verwys ook verskeie kere na die welvaart van sommige boere; een 1783 besoeker merk die "tekens van welvaart en rykdom, die prag en heerlikheid van die klere en waens, die huise wat met die mees elegante meublement gevul is en die tafels wat met silwerware gedek is en bedien word deur netjies aangetrekte slawe" (Naudé 1950).

Slawe, meestal ingevoer van verskeie streke in Suid-Oos Asië, die Ooskus van Afrika en die eilande van die Indiese Oseaan, het die grootste gedeelte van die arbeid in die Kaap verrig en is dus as waardevolle kommoditeite beskou. Slawe is reeds so vroeg as 1658 na die Kolonie gebring, maar dit was eers met die vestiging van die landbou – en veral die wynboubedryf – dat die vraag na arbeid toegeneem het, en die invoer van slawe as goedkoper alternatief as Europese immigrasie gesien is. 'n Kenmerk van slawerny aan die Kaap was die breë verspreiding van slawe; byna elke setlaar aan die Kaap het 'n aantal slawe besit wat op die plaas of in die huishouding arbeid verrig het (Worden 1985). In die afwesigheid van individuele welvaartsmaatstawwe, het historici dus slawe-eienaarskap gebruik as 'n maastaf van huishoudelike welvaart. Giliomee (2003), byvoorbeeld, definieer die elite as die huishoudings wat meer as 16 slawe besit het; in 1731 was 7% van die plattelandse setlaarshuishoudings in hierdie kategorie gegroepeer.

Slawe was veral belangrike insette op wingerd- en koringplase waar die vraag na arbeid, veral tydens oestyd, hoog was. Wyn, koring en bees- en skaapvleis was die vernaamste uitsette van die boere – en is dus ook die uitsette wat deur die VOC belas is. Dit is juis hierdie belasting wat meer onlangse studies as rede aanvoer vir die onderskatting van die jaarlikse opgaafrolle wat deur die VOC amptenare afgeneem is. Van Duin en Ross (1987) was die eerste om die opgaafrolle in te span in 'n omvattende studie van die Kaapse ekonomie in die VOC-tydperk. Met verwysing na die jaarlikse produksiesyfers bevind hulle dat die Kaapse ekonomie "meer dinamies" was as wat voorheen aanvaar is, hoewel hulle per capita syfers (produksie-uitsette gedeel deur die bevolking) 'n daling toon. Hulle verduidelik dat dit waarskynlik weens die onderrapportering van produksie-data is en gebruik 'n vermenigvuldiger om veral later jare se syfers te korrigeer. Selfs met die korreksie, is daar egter weinig tekens van 'n per capita toename in produksie oor die agtiende eeu. Brunt (2008) brei uit op Van Duin en Ross se studie deur die vermenigvuldiger selfs verder te vergroot. Brunt vind dat groei steeds teen 'n slakkepas was tydens die agtiende eeu, maar dat die koms van die Britte – en dan veral Britse institusies, by name die eiendomsreg vir leenplase – ekonomiese groei gerugsteun het. Beide studies beskryf egter slegs die groei in produksie en nie die vlak van ekonomiese prestasie en welvaart nie, en doen geen moeite om die Kaap met ander streke te vergelyk nie.

De Zwart (2011), en Du Plessis en Du Plessis (2011) begin hierdie tergende vraag aanspreek. Beide studies gebruik loondata om die relatiewe lewensstandaarde van loonarbeiders in die Kaap met dié van ander streke te vergelyk. De Zwart toon dat Kaapse lone relatief laag was aan die begin van die agtiende eeu in vergelyking met Europese stede, maar dat, terwyl reële lone wêreldwyd gedaal het in die agtiende eeu, dit aan die Kaap toegeneem het. Du Plessis en Du Plessis bereken dat die Kaapse loontrekkers gemiddeld hoë en stygende reële lone ontvang het, en dat hierdie lone teen die einde van die agtiende eeu op dieselfde vlak was as dié van Engeland en Nederland, die twee ekonomies mees vooruitstrewende lande van die agtiende eeu. Du Plessis en Du Plessis wys egter ook op die ongelyke verdeling van lone aan die Kaap, 'n onderwerp wat verder hieronder verder bespreek word. Die gebruik van loondata in beide studies is

egter problematies. Loonarbeid in die vorm van plaasknegte het 'n marginale bydrae tot arbeid in die Kaap gemaak: die meeste knegte was werknemers van die Kompanjie en het, sodra hulle dienstermyn verstryk het, of na Europa teruggekeer of as setlaars hul eie grondgebied uitgesoek. Dit is ook nie duidelik of die lone wat aan Kaapse amptenary betaal is in Amsterdam bepaal is of nie, en of loonveranderinge aan die Kaap dus eintlik net die arbeidsmark in Holland reflekteer nie. Desnieteenstaande beskryf beide studies 'n meer vooruitstrewende vroeë Kaapse ekonomie. Die digitalisering van boedelinventarisse stel navorsers nou in staat om hierdie hipotese te toets op die mikrovlak van die gemiddelde Kaapse setlaarshuishouding.

2. BOEDELINVENTARISSE EN DATA-ANALISE

In die afwesigheid van sensusdata op die mikro-vlak in vroeë samelewings, is boedelinventarisse 'n gewilde databron om die lewensstandaard en welvaartsvlakke van 'n land se bevolking te bepaal (McCants 2006; McCants 2007). Inventarisse lys gewoonlik alle roerende bates wat die huishouding besit met die afsterwe van 'n hooflid van die huishouding. Hoewel dit slegs 'n eenmalige blik op die bates van die huishouding bied, bly dit 'n baie akkurate en gedetailleerde manier om welvaartsvlakke tussen groepe, streke en oor tyd getrou te vergelyk.

Die administrasie van die boedelinventarisse in die Kaapkolonie is deur die Hoof van die Weeskamer behartig. Met die afsterwe van 'n setlaar is 'n kommissaris van Kaapstad gestuur om 'n lys van bates saam te stel. Waar plase te ver van Kaapstad was, het bure of vriende die taak verrig en die lys na die Kaap gestuur, en het 'n klerk in Kaapstad 'n kopie van die oorspronklike inventaris gemaak. Dit het tot gevolg dat 'n hele aantal van die inventarisse dubbelinskrywings is; hierdie dubbels dien dan ook as aanduiding van die mate waartoe die plattelandse bevolking toegeneem het oor die tydperk.

Terwyl alle setlaarsterfgevallen by die Weeskamer geregistreer moes word, was die Kamer net verantwoordelik vir die opmaak van inventarisse waar die oorledene (Liebenberg e.a. 2007):

- ongetroude erfgename jonger as 25 jaar nagelaat het, of waar die erfgenaam swaksinnig was;
- erfgename nagelaat het wat nie meer in die land gewoon het nie, of nie bereikbaar was nie;
- oorlede is *ab intestate* of *ex testament* (sonder 'n testament);
- waar daar spesifiek in die testament versoek is dat die Weeskamer optree as eksekuteur;
- nie spesifiek in die testament aangedui het dat die Weeskamer nie moet optree as eksekuteur nie.

Hierdie kriteria beteken noodwendig dat net 'n gedeelte van alle sterfgevallen in die Kolonie se inventarisse deur die Weeskamer opgeteken is. Enige afleidings vanuit hierdie steekproef sal dus moet toon dat seleksie nie die resultate bevooroordeel nie. Met ander woorde, enige resultaat bereken uit die boedelinventarisse mag moontlik 'n verkeerde indruk skep van die welvaart van die gemiddelde Kaapse setlaar indien die kriteria vir seleksie nie in ag geneem word nie.

Boedelinventarisse is tradisioneel geneig om welvaart te oorskat. Die rede hiervoor is dat boedelinventarisse noodwendig slegs afgeneem word wanneer 'n persoon sterf, en dat sterftes gewoonlik na 'n leeftyd van bate-akkumulering plaasvind. Inventarisse reflekteer dus nie die gemiddelde welvaart van die gemiddelde setlaar nie, maar die welvaart van die gemiddelde setlaar wat tot sterwe kom. Indien die bevolking dus jonk is, sal die gemiddelde welvaartsvlak bereken deur van boedelinventarisse gebruik te maak, te hoog wees.

Die Kaapse boedelinventarisie bied wel een kriterium wat hierdie probleem (gedeeltelik) oorkom. Die feit dat alle persone met kinders jonger as 25 jaar (wat ongetroud was) in die Weeskamerrekords opgeneem is, beteken dat meer 'jonger' huishoudings in die databasis verteenwoordig word as in die totale bevolking van sterfgevälle. Soms word in die literatuur die finale resultate aangepas deur van 'n lewenssiklusmodel gebruik te maak. Ongelukkig word die ouderdom van sterfgevälle nie in die inventaris ingesluit nie en is dit dus nie moontlik om die akkuraatheid van die lewenssiklusmodel in hierdie konteks te toets nie.

'n Alternatiewe databron, die opgaafrolle, bied egter 'n manier om die akkuraatheid van die steekproef te toets. Die eienaarskap van slawe word in beide databronne gerapporteer en in beide is daar geen rede vir die onderrapportering van inligting nie (soos daar in die geval van vee in die opgaafrolle is, omdat setlaars belasting wou vermy). Soos elders bespreek, blyk dit uit die vergelyking dat die twee databronne – die een gebaseer op produksiesyfers en die ander op baterekords – weinig van mekaar verskil (Fourie 2011). Die aanname dat die boedelinventarisie die vlak van welvaart in die totale bevolking reflekteer, is akkuraat.

Die boedelinventarisie van Kaapse setlaars word bewaar in die MOOC (Master of the Orphan Chamber) 8-reeks in die Wes-Kaapse Argief. Dit is onlangs deur 'n span navorsers getranskribeer en gedigitaliseer in PDF-formaat, en is vryelik aanlyn beskikbaar (TANAP 2010; Cornell en Malan 2005). Die primêre digitale data is egter in XML-formaat vanaf die Argief verkry en Stylus Studio 10 is gebruik om dit na Excel-formaat om te skakel.ⁱⁱ Stata 10 is gebruik vir die statistiese analise.

Benewens die MOOC 8-inventarisie is daar ook gebruik gemaak van 123 Stellenbosse inventarisie wat nie in die MOOC 8-reeks opgeteken is nie, maar wel deur Krzesinski-de Widt (2002) getranskribeer en in Microsoft Word gedigitaliseer is. Hierdie boedelinventarisie is minder volledig aangesien 'n aantal van die oorspronklike inventarisie onleesbaar is, maar bied steeds 'n waardevolle bydrae om streeksongelykhede na vore te bring (sien bespreking hieronder).

'n Totaal van 2,577 huishoudelike inventarisie is dus gebruik in die analise van die welvaart van Kaapse setlaars. Dit is die grootste studie van sy soort wat van boedelinventarisie gebruik maak, en beslis 'n eerste vir die Kaapkolonie wat van statistiese metodes gebruik maak om die welvaartsvlakke en -patrone van die gemiddelde Kaapse setlaar te bereken.

Omdat elkeen van hierdie 2,577 inventarisie tientalle produkte insluit, is 28 produkte gekies wat as maatstaf sal dien vir totale welvaart. Hierdie 28 produkte met beskrywende statistiek word in Tabel 1 gelys.

TABEL 1: Beskrywende statistiek van die 28 produkte in die 2577 boedelinventarisie

Produk	Nederlands	Gemiddelde	Maksimum	Mediaan	N (> 0)	% 0s
Slaaf	Slaaven	4.92	148	2	1694	34.26%
Bees	Beesten	54.50	2000	15	1486	42.34%
Perd	Paarden	6.26	296	2	1472	42.88%
Skaap	Schape	349.77	10200	0	1271	50.68%
Ploeg	Ploegen	0.62	19	0	921	64.26%
Sekel	Koornharp	0.08	3	0	195	92.43%
Boot/skuit	Schuit	0.02	3	0	54	97.90%
Emmer	Emmers	2.76	61	2	1662	35.51%
Graaf	Graaven	2.01	450	0	906	64.84%

Geweer	Geweer	1.15	47	0	1169	54.64%
Brandewynke tel	Brandewijnske etel	0.16	5	0	357	86.15%
Wae	Waagen	1.21	40	1	1400	45.67%
Aambeeld	Aambeeld	0.05	3	0	107	95.85%
Bankskroef	Bankschroef	0.10	7	0	223	91.35%
Balans	Balans	0.40	9	0	618	76.02%
Vuurtang	Tang	0.76	33	0	1020	60.42%
Oond/stoof	Stoven	0.88	24	0	594	76.95%
Katel	Katel	1.27	26	1	1307	49.28%
Stoel	Stoel	9.98	125	4	1734	32.71%
Broek	Broek	1.14	143	0	433	83.20%
Strykyster	Strijkijsters	0.86	35	0	1048	59.33%
Boeke	Boeken	4.08	3856	0	688	73.30%
Horlosies	Horologie	0.30	30	0	529	79.47%
Snuifdoos	Snuijfdoo, Tabakdoos	1.00	783	0	440	82.93%
Skildery	Schilderij	4.53	134	0	789	69.38%
Spieël	Spiegel	1.69	193	0	1196	53.59%
Voëlhok	Vogelkooij	0.39	17	0	355	86.22%
Goue ring	Ring	0.38	44	0	288	88.82%


Die 28 produkte is gekies om 'n verskeidenheid produktipes te reflekteer, maar ook om die proses van kodering en die soektog in die datastel te vergemaklik. Sommige produkte soos wyn, byvoorbeeld, was 'n belangrike Kaapse produk, maar omdat wyn onverwags selde in die inventaris voorkom (en ook omdat die meeteenheid gewoonlik verskil; soms word leggers gebruik, maar ander kere word wyn gemeet in aam, bottels, pype, vate, ens.) verskyn dit nie onder die 28 produkte nie. Boeke is ook 'n produk wat moeilik gesommeer word aangesien daar telkens net na 'n "verskeidenheid boeke" verwys word. In sulke gevalle is 5 boeke gekies, alhoewel dit waarskynlik 'n onderskatting van die hoeveelheid boeke is.ⁱⁱⁱ Ander produkte, soos snuifdoos, se benaming verander gedurende die agtiende eeu. Aanvanklik word alle snuifdose as sulks geklassifiseer, maar teen die einde van die tydperk is dit bykans uitsluitlik tabakdose.

Selfs met hierdie tekortkominge in ag geneem, bied hierdie 28 produkte 'n goeie maatstaf van totale welvaart aan die Kaap. Om hierdie stelling te staaf, is dit nodig om pryse in ag te neem. Weens die afwesigheid van pryse in die boedelinventaris, is dit nodig om 'n nuwe databron te raadpleeg sodat die 28 produkte in 'n mandjie bymekaar gevoeg kan word. Die nuwe databron is die MOOC 10-reeks, oftewel die vendurole. Hierdie reeks is deur dieselfde span navorsers getranskribeer en gedigitaliseer, maar ongelukkig was daar slegs bronne vir die eerste vyf van die 41 volumes. Dit beteken dus dat ons slegs pryse tot en met 1748 in ag neem. Prysveranderinge was egter nie beduidend verskillend oor die agtiende tussen die verskillende produkte nie, wat beteken dat ons resultate met die beperkte prysdate nie wesenlik sal verskil van die ware antwoord nie.

Die waarde van die 28 produkte in die mandjie tel op tot net meer as 70% van alle roerende bates in die vendurole, met slegs 30% wat deur die ander produkte verklaar word. Die grootste komponent hiervan is slawe, wat 24% van alle waarde in die totale roerende bates van Kaapse setlaarshuishoudings verteenwoordig. Beeste (12%), skape (10%) en perde (2%) maak ook 'n wesenlike bydrae tot die mandjie.

3. RELATIEWE WELVAART OOR TYD

Die mandjie van 28 produkte stel ons nou in staat om die welvaartsvlak van Kaapse huishoudings gedurende die agtiende eeu te bereken. Figuur 2 stel hierdie grafies voor. Die donker lyn stel die vyf-jaar gemiddelde voor van die meer volatiele jaarlikse syfer.



FIGUUR 2: Die gemiddelde welvaart van Kaapse huishoudings soos geflekteer in die 2577 boedelinventarisse oor tyd, 1700-1795

Dit blyk duidelik uit Figuur 2 dat die gemiddelde welvaart van Kaapse huishoudings toegeneem het oor die agtiende eeu. Die aanvanklike lae vlakke van welvaart het gedurende die 1730s skerp gestyg en tot relatiewe hoë vlakke van huishoudelike welvaart tydens die 1740s aanleiding gegee. Aan die begin van die 1750s was daar 'n periode van insinking wat in die 1770s en laat 1780s weer omgekeer is.

Boedelinventarisse meet nie inkomste nie, en veranderinge in omstandighede mag nie noodwendig dadelik in welvaartsmaatstawwe reflekteer word nie. Dit is dus beter om die tendense oor die langer termyn te beskou. Figuur 2 toon ook die lineêre lyn wat die volle periode die beste pas; die lyn is onomwonde opwaartshellend, wat enige aanspraak dat die gemiddelde huishouding gedurende die agtiende eeu verarm het, in twyfel trek. Die welvaart van die gemiddelde Kaapse huishouding het in alle waarskynlikheid toegeneem oor die agtiende eeu, of het, ten minste, nie afgeneem nie.

4. RELATIEWE WELVAART TUSSEN SETLAARS

Soos in moderne ekonomieë (en in Suid-Afrika tans) verdoesel die gemiddelde welvaartsvlakke hoë vlakke van ongelikheid tussen groepe. Dit was ook nie anders in die agtiende eeuse Kaapkolonie nie. 'n Reisiger aan die Kaap in die 1730s, O.F. Mentzel, het toe alreeds hierdie ongelikheid uitgewys. In sy reisjoernaal verdeel hy die Kaapse setlaars in vier groepe: die welgestelde Kompanjie-amptenary en handelaars in Kaapstad, wat ook hul inkomste aangevul het deur die besit van plase in die nabygeleë distrikte; die ryk wyn- en koringelite wat dikwels meer as een plaas besit het; die hardwerkende wyn- en koringboere wat weinig slawe kon aanstel en meeste van die


plaaswerk self moes verrig; en, die verarmde trekboere in die binneland (Mentzel 2008). Hierby kan natuurlik 'n laer rang toegevoeg word, by name die slawe en Khoi-arbeiders wat vir die meeste van die hande-arbeid op plase verantwoordelik was.

Dit is dus belangrik om te identifiseer tot watter mate die hoë en stygende vlakke van welvaart wat hierbo bereken is, nie bloot gedryf word deur 'n rykerwordende elite, terwyl die res van die bevolking in armoede kreppeer nie. Soos Mentzel voorstel, word die boedelinventarisie ook in vier groepe verdeel, en omdat slawe so 'n belangrike kommoditeit was, word die getal slawe gebruik om die groepe te onderskei:^{iv} Groep 1 is dié setlaars wat geen slawe besit nie, Groep 2 is setlaars wat 1 tot 5 slawe besit, Groep 3 is setlaars wat 6 tot 15 slawe besit, en, Groep 4 is die elite wat meer as 16 slawe besit. Wanneer Groep 3 en 4 saamgevoeg word, is dit byna 'n derde van die waarnemings, terwyl Groep 1 en Groep 2 elk ook 'n derde is. Tabel 2 toon die gemiddelde Rijksdaalders per produk volgens groep.

Tabel 2: Gemiddelde Rijksdaalders per produk volgens groep, 1673-1800

Gemiddelde (Rijksdaalders)	Groep 1	Groep 2	Groep 3	Groep 4	Almal
Slaaf	0.0	242.0	953.2	2981.0	554.9
Bees	292.2	399.8	678.2	937.0	473.4
Perd	35.9	65.8	138.3	381.9	99.0
Skaap	192.3	307.4	525.8	711.7	353.3
Ploeg	1.1	2.5	6.2	15.8	4.0
Sekel	0.1	0.3	3.0	12.3	1.9
Boot/skuit	0.3	0.6	0.7	3.1	0.7
Emmer	0.8	1.7	3.1	6.8	2.2
Graaf	0.2	0.6	2.2	4.5	1.2
Geweer	2.1	3.3	4.3	9.0	3.6
Brandewynketel	1.1	3.0	10.0	21.8	5.6
Wae	17.2	26.7	60.3	142.5	41.0
Aambeeld	0.3	0.3	0.9	4.6	0.8
Bankskroef	0.3	0.6	0.9	2.5	0.7
Balans	0.2	0.7	1.6	3.3	0.9
Vuurtang	0.2	0.5	0.8	1.7	0.6
Oond/stoof	0.1	0.2	0.5	1.2	0.3
Katel	0.8	1.9	3.2	4.9	2.1
Stoel	3.0	8.4	16.9	40.3	11.2
Broek	2.1	1.0	0.8	3.0	1.5
Strykyster	0.3	0.7	1.4	2.3	0.9
Boeke	1.3	1.2	2.2	16.5	2.7
Horlosies	2.0	2.5	4.9	11.9	3.7
Snuifdoos	0.3	0.8	6.1	3.4	2.1
Skildery	1.3	3.5	7.8	19.5	5.1
Spieël	1.3	2.6	6.1	12.7	3.8
Voëlhok	0.1	0.4	0.8	1.4	0.5
Goue ring	0.4	0.9	1.5	4.6	1.2
Totaal	557.1	1079.9	2441.9	5361.4	1578.7
Totaal (geen slawe)	557.1	837.9	1488.7	2380.3	1023.8
N	883	870	610	214	2577

Vir die meeste produkte is daar 'n duidelike toename in die hoeveelheid Rijksdaalders wat elke groep van hoër rang daarop spandeer. Skilderye is 'n goeie voorbeeld: waar die armstes (dié met geen slawe) slegs 1.3 Rijksdaalders op skilderye spandeer (ongeveer 1 skildery), spandeer die elite 19.5 Rijksdaalders (15 keer soveel). Uit Tabel 2 is dit alreeds duidelik dat daar 'n hoë mate van ongelijkheid *binne die setlaarsbevolking* aan die Kaap was.



FIGUUR 3: Huishoudelike welvaartsvlakke per groep volgens dekade, slawe uitgesluit (op 'n logaritmiëse skaal), 1673-1800

Sou hierdie ongelijkheid verander het oor tyd? Die antwoord hierop hang daarvan af of slawe by die berekeninge ingesluit word. Figuur 3 stel die verandering oor tyd voor vir die verskillende groepe op 'n logaritmiëse as. Daar is duidelike konvergensie, met veral die armste twee groepe wat hul welvaartsvlakke verhoog. Die figuur sluit egter slawe uit (omdat dit gebruik word om die groepe te onderskei). Wanneer slawe ingesluit word (Figuur 4, sonder 'n logaritmiëse as), verdwyn enige konvergensie in die data. En alhoewel daar steeds 'n matige verbetering in die vlakke van die twee armste groepe is, oorheers die beduidende verskille tussen die elite (Groep 4) en die ander groepe enige vordering van die res. Hoewel huishoudings nie so ongelijk was in terme van die besit van huishoudelike items nie, het die eienaarskap van slawe 'n wesenlike rol gespeel in die vorming en instandhouding van 'n ongelieke samelewing aan die Kaap.



FIGUUR 4: Huishoudelike welvaartsvlakke per groep volgens dekade, slawe ingesluit, 1673-1800


5. RELATIEWE WELVAART TUSSEN STREKE IN DIE KAAPKOLONIE

Welvaart was ook geografies oneweredig verdeel. Die rangorde van die reisiger Mentzel se vier groepe is 'n aanduiding dat, hoe nader die setlaarhuishouding aan Kaapstad gewoon het, hoe hoër was die waarskynlikheid dat dit 'n welgestelde huishouding was. Die joernaalinskrywings van reisigers in die binneland verwys ook na die armoede van sommige trekboere wat met die basiese middele 'n bestaan moes maak, en, soos hierbo genoem, soms selfs diervelle as kledingstukke sou dra (Thunberg 1986: 52).

Die Stellenbosch distrik, gestig in 1679 deur Simon van der Stel, was die eerste distrik wat gevestig is buite Kaapstad en sy onmiddellike omgewing. Tot en met die sluiting van nuwe vestiging in die area in 1687, is sestig grondeise toegeken wat elk ongeveer 60 morgen groot was. Dit het beteken dat slegs 7% van die beskikbare grondgebied aan privaat eienaars toegedeel is, met die VOC wat steeds besit oor die res behou het, en 'n bevolkingsdigtheid van minder as 1 persoon per vierkante kilometer tot gevolg gehad het (Guelke 1976).

Die digitalisering van Stellenbosse inventarisse deur Krzesinski-de Widt (2002) maak dit egter moontlik om die inventarisse van die distrik Stellenbosch met die ander boedelinventarisse te vergelyk. Figuur 5 toon die hoeveelheid slawe wat besit is deur elk van die huishoudings in die Stellenbosch distrik uit die twee databronne. Dit is duidelik dat die nie-MOOCs (die inventarisse wat nie deur die Kaapse Weeskamer opgestel is nie) meestal later in die agtiende eeu voorkom en ook 'n hoër gemiddelde hoeveelheid slawe besit (selfs wanneer die vier uitskieterhuishouding wat meer as 100 slawe besit het nie getoon word nie, soos in Figuur 5). Hieruit kan afgelei word dat welvaart tydens die tweede helfte van die agtiende eeu waarskynlik onderskat word weens die afwesigheid van die testamente van die welgesteldes. Nogtans word 'n gemiddelde groeikoers van tussen 0.98% en 2.41% oor die agtiende eeu bereken, afhangend van watter begin- en

eindpunte gekies word, wat bewys dat die Kaap – in hierdie geval, die Stellenbosch distrik – van die hoogste ekonomiese groei wêreldwyd bereik het.



FIGUUR 5: Slawe eienaarskap per huishouding, Stellenbosch distrik, 1690-1806

Maar hoe vergelyk die setlaars van die Stellenbosch distrik met die res van die Kaapkolonie? Tabel 3 toon die beskrywende statistiek vir inventarisse van Stellenbosch setlaars en die ander boedelinventarisse. Die vergelyking met die ander streke toon duidelik dat Stellenbosse inventarisse gemiddeld hoër vlakke van welvaart bereik het, en dat hierdie verskil veral gedurende die tweede helfte van die agtiende eeu beduidend groter geword het.

TABEL 3: Beskrywende statistiek wat die Stellenbosch distrik vergelyk met die ander Kaapkolonie streke, 1673-1800

Streke anders as Stellenbosch									
Jaartal	N	Ge- mid	Std Afw	Min	Maks	P25	Me- diaan	P75	P90
1700	28	1027.4	1479.6	0.0	4771.6	28.2	239.1	1800.3	3950.1
1710	41	1174.9	1571.1	0.0	6938.7	112.8	376.5	1918.8	3218.1
1720	127	880.1	1438.0	0.0	10793.4	119.5	388.7	1052.8	2366.3
1730	86	910.1	1179.6	0.0	5728.8	149.8	375.9	1233.1	2828.9
1740	83	1026.0	1539.5	0.0	9116.2	151.1	500.7	1378.8	2397.8
1750	59	1564.4	1980.9	0.0	7622.6	273.0	704.9	2201.9	4961.9
1760	103	1158.9	1440.4	1.3	9294.0	303.1	687.2	1537.0	2895.3
1770	160	1282.9	1620.8	1.1	10611.1	148.3	615.1	2053.8	3250.2
1780	201	1592.3	2179.5	0.0	15181.1	249.9	807.7	2031.0	4043.1
1790	316	1691.4	1864.9	0.0	9656.0	255.8	1031.6	2442.1	4328.2
1800	355	1516.3	1780.4	0.0	10736.8	225.5	886.2	2295.0	3853.4
Total	1559	1386.7	1769.2	0.0	15181.1	180.2	689.2	1975.8	3556.4

Stellenbosch

Jaartal	N	Gemid	Std Afw	Min	Maks	P25	Me-diaan	P75	P90
1700	43	584.7	951.7	0.8	5406.1	101.3	302.6	601.1	1598.3
1710	36	1824.9	2563.0	0.0	13793.9	226.7	1052.1	2339.8	4598.1
1720	71	1520.0	1709.9	0.0	7838.3	322.3	782.2	2154.2	3837.2
1730	49	1773.7	1936.3	13.7	11226.0	490.3	1404.0	2415.1	3488.0
1740	74	2703.9	2416.3	0.0	10096.6	968.9	2134.8	3907.0	6086.1
1750	63	2570.7	2404.6	15.8	12907.7	797.5	2083.5	2788.3	6107.7
1760	54	2209.5	2493.1	0.0	11492.2	544.6	1034.1	3528.5	5468.4
1770	85	2072.7	2462.4	0.0	13640.1	391.3	1267.5	2980.4	4667.2
1780	89	2828.9	3835.0	11.5	27521.1	741.2	1657.1	3806.4	5535.1
1790	46	3952.3	5570.2	11.4	24680.2	1493.3	2614.0	3921.3	5408.3
1800	59	2338.8	2818.2	7.9	16929.9	518.7	1454.2	3175.3	5653.6
Total	669	2264.2	2944.0	0.0	27521.1	445.5	1457.2	3023.1	5022.6

Die divergensie van welvaartsvlakke tussen Stellenbosch en die ander streke strook met die kwalitatiewe getuie van die groeiende getal plattelandse trekboere (Van der Merwe 1938). Selfs al het die trekboere nie dieper in armoede verval nie, het 'n veranderende demografie, by name 'n groter plattelandse bevolking, veroorsaak dat die welvaartsvlakke van die gemiddelde Kaapse setlaar nie teen dieselfde vlakke kon groei as die gevestigde Stellenbosse wyn- en koringboere nie. Die hoë vlakke van ongelukheid binne die setlaarsbevolking wat hierbo bereken is, het dus ook 'n duidelike geografiese dimensie gehad.

6. VERGELYKING VAN RYKDOM MET ANDER WÊRELDSTREKE

Die vlakke van huishoudelike welvaart gemeet aan die Kaap kan slegs sinvol interpreteer word mits dit met soortgelyke maatstawwe elders vergelyk word. Vir die doel is boedelinventarisse van Leeuwarderadeel (Vriesland) (De Vries 1974), die Zaanstreek, Groningen Oos, Brabant Oos (Schuurman 1997) en die Amsterdamse Weeskamer (McCants 2006) (almal streke in die Nederlande) in ag geneem, sowel as verskeie inventarissteekproewe in Engeland wat meestal staatmaak op kerkrekords (Weatherill 1988; Overton e.a. 2004). Die Kaap was ook nie die enigste setlaarskolonie nie, en boedelinventarisse in koloniale Noord-Amerika (Jones 1980), met spesifieke verwysing na die Chesapeake area (Carr en Walsh 1988), asook plantasie-inventarisse van Jamaika (Sheridan 1965), word hier gebruik as verwysingspunt.

In plaas van al 28 produkte met mekaar te vergelyk, word 'n seleksie van slegs vyf produkte gekies as aanduiding van breër tendense. Die keuse berus op die beskikbaarheid van inligting in die boedelinventarisse van die ander streke. Die vyf produkte is slawe, beeste, gewere, skilderye en horlosies.

Soos reeds genoem was slawe die waardevolste item vir Kaapse setlaars, 24% van alle roerende bates. Omdat die besit van slawe ongewoon was in Noord-Europa, gee Tabel 4 'n vergelyking van die Kaapse slawe-aandeel met dié van ander kolonies waar slawe-besit wel toegelaat is, by name die kolonies van Noord-Amerika en Jamaika. Die persentasie van slawe oor totale welvaart in die Kaapse boedelinventarisse was hoër as dié van die Noord-Amerikaanse kolonies, selfs dié van die Suide waar tabak- en rysplantasies gewild was. Slawe was egter 'n baie belangrike bate op die suikerplantasies van Jamaika en het dus 'n baie groter komponent van totale bates uitgemaak.

Tabel 4: Vergelyking van slawe se aandeel in totale welvaart

Streek	Bron	Datum
--------	------	-------

1691-1748			
Kaapkolonie		24.0	
1774			
Gemiddeld vir dertien kolonies			
	Jones	9.1	
New England	Jones	0.2	
Sentrale kolonies	Jones	1.6	
Amerikaanse Suide	Jones	18.4	
		1741-1745	1771-1775
Jamaika	Sheridan	55.0	81.6

Dit is egter die absolute vlakke van bates eerder as die relatiewe persentasie van bates in die totale mandjie wat vergelyk moet word. Tabel 5 toon 'n vergelyking van die hoeveelheid beeste per huishouding tussen die Kaapkolonie en streke in die Nederlande en Engeland. Dit blyk duidelik dat die Kaap aansienlik meer beeste per huishouding besit het as beide die Nederlandse en Engelse huishoudings.^v Waar Kaapse setlaarhuishoudings gemiddeld 50 beeste besit het in die tydperk 1700-1750, het Engelse huishoudings in Kent slegs 20 beeste besit en dié in Cornwall slegs 9. Hierdie getalle was ook besig om te daal oor die agtiende eeu (Overton e.a. 2004). In die tydperk 1711-1723 het boere in Zuidertrimdeel, 'n streek in Leeuwarderadeel (Friesland), gemiddeld 25 beeste per huishouding besit, terwyl boere aan die Kaap gemiddeld 39 beeste besit het.

TABEL 5: Die hoeveelheid beeste per huishouding volgens streek

Streek	Bron	Datum
		1700-1750
Kaapkolonie		50
Kaapkolonie (slegs beesboere)		90
Kent	Overton e.a.	20
Cornwall	Overton e.a.	9
		1711-1723
Kaapkolonie		39
Kaapkolonie (slegs beesboere)		75
Noordertrimdeel (Leeuwarderadeel)	De Vries	16
Zuidertrimdeel (Leeuwarderadeel)	De Vries	25

Maar moontlik was beeste bloot 'n uitskieter weens die struktuur van die ekonomie en het setlaars aan die Kaap minder vervaardigde produkte besit as huishoudings in ander wêreldstreke? Weens databeperkinge in die studies van ander streke, word die beskikbaarheid van 'n produk, eerder as die frekwensie hierna gemeet. Die data is ook gereeld in welvaartsgroepe geklassifiseer; die Kaapse huishoudings word in sulke gevalle ook verdeel volgens die hoeveelheid slawe in besit, soos hierbo uiteengesit. Tabel 6 gee 'n aanduiding van die proporsie van huishoudings wat 'n geweer besit het volgens streek.

TABEL 6: Proporsie van huishoudings wat 'n geweer besit het volgens streek

Streek	Bron	Datum
---------------	-------------	--------------

		1690- 1719	1720- 1749
Kaapkolonie		40	46
Cornwall	Overton e.a.	2	2
Kent	Overton e.a.	17	21
		1765- 1784	1774
Kaapkolonie		46	
New England	Jones 1980		50
Sentrale kolonies	Jones 1980		41
Amerikaanse Suide	Jones 1980		69
		1740- 1800	1740- 1810
Kaapkolonie		46	
Maryland en Virginia	Gunston Hall Database ^{vi}		71

Uit Tabel 6 blyk duidelik dat geweerbesit aan die Kaap op relatief dieselfde vlak was as in die noordelike en sentrale kolonies van Noord-Amerika, maar laer as die Amerikaanse Suide. Waar 46% van alle Kaapse setlaarshuishoudings gewere besit het tussen 1765 en 1784, was die ooreenkomstige syfers vir New England 50%, 41% vir die kolonies in Sentraal Noord-Amerika en 69% vir die Amerikaanse Suide. Wat gewere betref, was die Kaap dus nader aan die setlaarskolonies van Noord-Amerika as die slawe-kolonies van die Suide. Soos vir Amerika, was gewere meer volop aan die Kaap as in die Engelse streke van Cornwall en Kent.

Gewere was egter nodig vir selfverdediging en jag en mag daarom meer volop aan die Kaap gewees het as luukse, vervaardigde produkte soos horlosies en skilderye.^{vii} Tabelle 7 en 8 toon die proporsie van Kaapse huishoudings wat hierdie twee items besit en vergelyk dit met ander wêreldstreke.

TABEL 7: Proporsie van huishoudings wat horlosies besit volgens streek

Streek	Klas	Bron	Datum
			171 1- 175 0
Kaapkolonie	1		2
Kaapkolonie	2		6
Kaapkolonie	3		17
Kaapkolonie	4		49
Leeuwardera deel	1	De Vries	8
Leeuwardera deel	2	De Vries	58
Leeuwardera deel	3	De Vries	83
			174 0- 178 2
Kaapkolonie			23

Amsterdam	McCants	19						
		160	163	166	169	172		
		0-	0-	0-	0-	0-		
		162	165	168	171	174		
		9	9	9	9	9		
Kaapkolonie		-	-	-	6	14		
Cornwall	Overtone e.a.	0	0	1	2	9		
Kent	Overtone e.a.	1	1	18	41	54		
		167	168	169	170	171	172	
		0-	0-	0-	0-	0-	0-	
		167	168	169	170	171	172	
		9	9	9	9	9	9	
Kaapkolonie		-	-	5	7	7	8	
England	Weatherrill	9	9	14	20	33	34	
London	Weatherrill	56	54	58	70	90	88	
		168	170	171	172	173	174	175
		8-	0-	0-	3-	3-	5-	5-
		169	170	172	173	174	175	176
		9	9	2	2	4	4	7
Kaapkolonie	1	4	0	7	0	3	12	7
Kaapkolonie	2	12	5	0	2	7	7	15
Kaapkolonie	3	0	9	0	15	25	28	40
Kaapkolonie	4	0	50	40	56	53	47	82
Kaapkolonie	1	C&W	0	2	0	0	2	0
Chesapeake	2	C&W	0	4	0	0	0	3
Chesapeake	3	C&W	0	4	5	4	10	10
Chesapeake	4	C&W	15	0	14	14	13	20
Chesapeake	5	C&W	27	44	42	55	61	60
							60	43
								39

Notes: See Table 9.

Tabel 8: Proporsie van huishoudings wat skilderye besit volgens streek

Region	Class	Source	Date
			171
			1-
			175
			0
Kaapkolonie	1		15
Kaapkolonie	2		36
Kaapkolonie	3		51
Kaapkolonie	4		74
Leeuwarderadeel	1	De Vries	25
Leeuwarderadeel	2	De Vries	16
Leeuwarderadeel	3	De Vries	28

			174						
			0-						
			178						
			2						
Kaapkolonie Amsterdam- BWH	McCant s		34						
			25						
			160	163	166	169	172		
			0-	0-	0-	0-	0-		
			162	165	168	171	174		
			9	9	9	9	9		
Kaapkolonie			-	-	-	29	40		
Cornwall	Overt n e.a.		0	0	0	1	4		
Kent	Overt n e.a.		2	6	5	6	25		
			167	168	169	170	171	172	
			5	5	5	5	5	5	
Kaapkolonie			-	-	14	23	35	40	
Engeland	Weathe rill		7	8	9	14	24	21	
London area	Weathe rill		54	69	79	77	89	78	
Noord-oos Engeland	Weathe rill		26	45	42	48	58	-	
Oos Kent	Weathe rill		37	31	48	48	52	68	
Cambridgeshi re	Weathe rill		6	18	18	42	34	45	
Noord-wes Engeland	Weathe rill		20	28	35	32	38	34	
Hampshire	Weathe rill		18	15	20	23	-	-	
Noord-wes Midlands	Weathe rill		11	8	14	14	29	11	
Cumbria	Weathe rill		3	6	6	8	9	3	
			168	170	171	172	173	174	175
			8-	0-	0-	3-	3-	5-	5-
			169	170	172	173	174	175	176
			9	9	2	2	4	4	7
			7	7	11	17	18	12	18
Kaapkolonie	1		7	7	11	17	18	12	18
Kaapkolonie	2		24	27	41	35	35	17	38
Kaapkolonie	3		22	29	42	68	52	49	56
Kaapkolonie	4		-	60	83	100	63	71	59
Chesapeake	1	C&W	0	2	0	3	0	3	0
Chesapeake	2	C&W	0	4	0	0	0	4	0
Chesapeake	3	C&W	0	4	5	8	6	3	2
Chesapeake	4	C&W	0	0	9	7	7	10	10
Chesapeake	5	C&W	27	11	19	38	23	24	15
			14	26	46	80	0	0	5
			12	0	12	12	10	10	12
			18	26	46	80	0	0	5

Hoewel horlosies aanvanklik karig versprei is onder Kaapse setlaarshuishoudings, was daar 'n sterk toename in die besit van horlosies aan die Kaap oor die agtiende eeu. Teen die einde van die eeu was horlosies ewe volop aan die Kaap as in die gevestigde streke

van Nederland en Engeland, en meer volop as in die Chesapeake kolonie van Noord-Amerika.

Nederlandse huishoudings was bekend vir hul besit van skilderye tydens die sewentiende en agtiende eeu. Dit blyk egter uit Tabel 8 dat Kaapse setlaarshuishoudings nie hoef te moes terugstaan teenoor hul Nederlandse eweknieë nie, en skilderye was beslis ewe volop aan die Kaap as wat dit in meeste van die Engelse streke was, en meer volop as in die Noord-Amerikaanse kolonies.

Daar is dus geen getuienis dat die gemiddelde Kaapse setlaarshuishing betreklik arm was nie, alhoewel daar, soos in ander lande, steeds armoede aan die onderkant van die verdeling sou wees. Tog gee hierdie relatiewe welvaartsmaatstawwe een aanduiding hoekom permanente vestiging in die Kaap gewild was onder VOC soldate en matrose: dit het vir hulle die kans gegee om 'n soortgelyke (en selfs hoër) welvaartsvlak as hul eweknieë in Europa te bereik.

7. GEVOLGTREKKINGS

Die tradisionele beskouing van die agtiende eeuse Kaap as 'n armoedige bestaans ekonomie moet heroorweeg word. Deur van 2,577 boedelinventarisse onlangs gedigitaliseerde boedelinventarisse gebruik te maak, toon hierdie artikel dat die gemiddelde Kaapse setlaarshuishing relatief wel-af was aan die begin van die agtiende eeu en dat hierdie vlakke oor tyd toegeneem het, al het dit ook gepaard gegaan met 'n toename in ongelykheid binne die setlaarsbevolking. Kaapse setlaarshuishoudings kon selfs kers vashou met huishoudings in streke wat gedurende die agtiende as die welvarendste beskou is – Nederland en Engeland.

Hoe het só 'n welvarende ekonomie tot stand gekom? Aan die vraagkant het die verbygaande Kompanjie-skepe die handel in koring, wyn en vleis, asook newe-produkte soos vet, kerse en seep, gestimuleer, en ook die invoer van goedkoop Europese en Oosterse vervaardigde produkte vergemaklik (Boshoff en Fourie 2010). Aan die aanbodkant het die aankoms van Franse Hugenote aan die Kaap die produksie van wyn en brandewyn gerugsteun, wat tot 'n groter vraag na slawe-arbeid gelei het (Fourie en Von Fintel 2011a). Slawe-arbeid sou die setlaars van die Kaapkolonie toelaat om 'n hoër vlak van welvaart te bereik. Die negatiewe langtermyn implikasies vanweë slawe-arbeid sou egter verhoed dat die hoër vlakke van agtiende eeuse welvaart na die res van die bevolking oorspoel in die negentiende eeu.

BIBLIOGRAFIE

Boshoff, W. H. en J. Fourie. 2010. The significance of the Cape trade route to economic activity in the Cape Colony: a medium-term business cycle analysis. *European Review of Economic History*, 14: 469–503.

Brunt, L. 2008. Property Rights and Economic Growth: Evidence from a Natural Experiment. *CEPR Discussion Papers No. 6404*.

Carr, L. G. en L.S. Walsh. 1988. The Standard of Living in the Colonial Chesapeake. *The William and Mary Quarterly*, 45: 135–159.

Cornell, C. en A. Malan. 2005. *Household Inventories at the Cape*. Kaapstad: University of Cape Town.

Coetzee, J. H. 1942. Verarming en oorheersing. Kaapstad, Nasionale Pers.

- De Kiewiet, C. W. 1941. *A history of South Africa: social and economic*. Oxford: Clarendon.
- De Kock, M. H. 1924. *Economic History of South Africa*. Kaapstad: Juta.
- De Vries, J. 1974. *The Dutch Rural Economy in the Golden Age, 1500–1700*. New Haven: Yale University Press.
- De Zwart, P. 2011. Real wages at the Cape of Good Hope: a long-term perspective, 1652–1912. *Stellenbosch, Economic Society of South Africa conference*.
- Du Plessis, S. en S. Du Plessis. 2011. *Happy in the service of the Company: the purchasing power of VOC salaries at the Cape in the 18th century*. Stellenbosch Universiteit: Mimeo.
- Elphick, R. en H. Giliomee. 1989. *The Shaping of South African Society, 1652–1820*. Kaapstad, Longman Penguin Southern Africa.
- Feinstein, C., *An Economic History of South Africa* (Cambridge, 2005), pp. 22–24.
- Fourie, J. 2011. The wealth of the Dutch Cape Colony. *ERSA Working Paper*.
- Fourie, J. en D. von Fintel. 2011. 'n Ongelyke Oes: Die Franse Hugenote en die vroeë Kaapse wynbedryf. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 51(3): 332-353.
- Giliomee, H. 2003. *The Afrikaners*. Kaapstad: Tafelberg.
- Guelke, L. 1976. Frontier Settlement in South Africa. *Annals of the Association of American Geographers*, 66(1): 25–42.
- Guelke, L. 1989. The white settlers, 1652-1780. In Elphick en Giliomee (reds.) 1989.
- Guelke, L. en R. Shell. 1983. An early colonial landed gentry: land and wealth in the Cape Colony 1682-1731. *Journal of Historical Geography*, 9(3): 265–286.
- Jones, A. H. 1980. *Wealth of a Nation to Be: The American Colonies on the Eve of the Revolution*. New York: Columbia University Press.
- Krzesinski-de Widt, A. 2002. *Die Boedelinventaris van erflaters in die distrik Stellenbosch 1679–1806*. Stellenbosch, Stellenbosch Museum.
- Liebenberg, H., F. Clayton, K. Faasen, E. Van As, J. Van der Merwe, M. Rall en I. Meyer. 2007. The inventories of the Orphan Chamber of the Cape of Good Hope. In Worden (red.) 2007.
- McCants, A. 2006. After-Death Inventories as a Source for the Study of Material Culture, Economic Well-Being, and Household Formation Among the Poor of Eighteenth-Century Amsterdam. *Historical Methods*, 39(1): 10–23.
- McCants, A. 2007. Exotic Goods, Popular Consumption, and the Standard of Living: Thinking about Globalization in the Early Modern World. *Journal of World History*, 18(2007): 433–462.
- Mentzel, O. F. 2008. *A geographical-topographical description of the Cape of Good Hope: Part II*. Kaapstad: Van Riebeeck Society.
- Naudé, S. D. (1950). Willem Cornelius Boers. *Archives Yearbook of South Africa* 2.

- Overton, M., D. Dean en L. Whittle. 2004. *Production and Consumption in English Households, 1600–1750*. Londen, Routledge.
- Ross, R. 1999. *Status and Respectability in the Cape Colony 1750-1870*. Cambridge, Cambridge University Press.
- Schuurman, A. 1997. *Aards geluk: de Nederlanders en hun spullen van 1550 tot 1850*. Amsterdam: Balans.
- Sheridan, R. B. 1965. The Wealth of Jamaica in the Eighteenth Century. *Economic History Review* 2nd ser, XVIII: 292–311.
- TANAP. (2010). Context: History of the Orphan Chamber of the Cape of Good Hope. *Inventories of the Orphan Chamber of the Cape of Good Hope*.
- Thunberg, C. P. 1986. *Carl Peter Thunberg Travels at the Cape of Good Hope, 1772–1775*. Kaapstad, Van Riebeeck Society.
- Ulrich, N. 2010. Time, Space and the Political Economy of Merchant Colonialism in the Cape of Good Hope and VOC World. *South African Historical Journal*, 62(3): 571–588.
- Van Duin, P. and R. Ross. 1987. *The Economy of the Cape Colony in the 18th Century*. Leiden: The Centre for the Study of European Expansion.
- Van der Merwe, P.J. 1938. *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie (1657-1842)*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Weatherill, L. 1988. *Consumer behaviour and material culture in Britain, 1660–1760*. Londen en New York: Routledge.
- Worden, N. 1985. *Slavery in Dutch South Africa*. Cambridge, Engeland: Cambridge University Press.

EINDNOTAS

ⁱ Eie vertaling.

ⁱⁱ My dank aan Erika le Roux vir hulp met die aansoek by die Wes-Kaapse Argief en aan Johan Liebenberg met die kodering van die XMS stylblad.

ⁱⁱⁱ Indien die gemiddelde boeke bereken word wanneer al die “verskeidenheid boeke” waaraan 5 toegewys is nie in ag geneem word nie, is dit groter as 6.

^{iv} Guelke en Shell het ook slawe vir dié doel gebruik.

^v Let wel dat in beide die Nederlandse en Engelandse streke hier verteenwoorde landbou die belangrikste ekonomiese aktiwiteit was. Die resultate word dus nie beïnvloed deur ‘n kleiner stedelike bevolking aan die Kaap nie.

^{vi} Notas: "Gunston Hall Database" is beskikbaar by
<http://www.gunstonhall.org/library/probate/index.htm> [Besoeek op 1 November 2011].

^{vii} Horlosies sluit hier staanhorlosies en sakhorlosies in. Skilderye sluit gedrukte prente ook in.